basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DRAMATIESE KUNSTE

## NOVEMBER 2017

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | 20$^{ste}$-eeuse Teaterbewegings | (30) |
| AFDELING B: | Suid-Afrikaanse Teater: 1960–1994 | (40) |
| AFDELING C: | Suid-Afrikaanse Teater: Ná 1994 – Kontemporêr | (40) |
| AFDELING D: | Teatergeskiedenis, Praktiese Begrippe, Inhoud en Vaardighede | (40) |

2. **AFDELING A**
**VRAAG 1 is VERPLIGTEND.**
**Verwys na die toneelteks wat jy bestudeer het en die betrokke 20$^{ste}$-eeuse Teaterbeweging.**

**EPIESE TEATER**

| | |
|---|---|
| • *Caucasian Chalk Circle* | Bertolt Brecht |
| • *Kaukasiese Krytsirkel* | Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks |
| • *Mother Courage* | Bertolt Brecht |
| • *Moeder Courage* | Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks |
| • *The Good Person of Szechwan* | Bertolt Brecht |
| • *Kanna Hy Kô Hystoe* | Adam Small |

**OF**

**TEATER VAN DIE ABSURDE**

| | |
|---|---|
| • *Waiting for Godot* | Samuel Beckett |
| • *Afspraak met Godot* | Vertaling van Samuel Beckett-toneelteks |
| • *Bagasie* | André P Brink |
| • *The Bald Primadonna* | Eugene Ionesco |
| • *Die Kaalkop Primadonna* | Vertaling van Eugene Ionesco-toneelteks |

**OF**

**POSTMODERNE TEATER**

| | |
|---|---|
| • *Skrapnel* | Willem Anker |
| • *Top Girls* | Carol Churchill |
| • *Popcorn* | Ben Elton |
| • *Buried Child* | Sam Shepard |

3. **AFDELING B**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**

| | |
|---|---|
| VRAAG 2: *Woza Albert!* | Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon **OF** |
| VRAAG 3: *Sophiatown* | Junction Avenue Theatre Company **OF** |
| VRAAG 4: *Siener in die Suburbs* | PG du Plessis |

4. **AFDELING C**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**

| | |
|---|---|
| VRAAG 5: *Nothing but the Truth* | John Kani **OF** |
| VRAAG 6: *Groundswell* | Ian Bruce **OF** |
| VRAAG 7: *Mis* | Reza de Wet |

5. **AFDELING D**
**Hierdie afdeling bestaan uit EEN vraag. VRAAG 8 is VERPLIGTEND.**


## AFDELING A: 20$^{ste}$-EEUSE TEATERBEWEGINGS

Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

### VRAAG 1

Bestudeer BRON A hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**BRON A**




Evalueer hoe die lirieke van ENIGE van die liedjies in BRON A die onderwerpmateriaal, stemming en boodskappe van die 20$^{ste}$-eeuse Teaterbeweging en die toneelteks wat jy bestudeer het, weerspieël. Verwys na die liriek(e) wat jy gekies het, die toneelteks wat jy bestudeer het en die geassosieerde teaterbeweging (Teater van die Absurde OF Epiese Teater OF Postmoderne Teater).

Skryf die titel van die toneelteks wat jy bestudeer het, boaan jou opstel neer.

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

## VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON

Bestudeer BRON B hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON B**

*Woza Albert!* is 'n unieke vermenging van protesteater, township-teater en satire. Alhoewel hulle baie idees vir die episodes in die toneelstuk gehad het, het hulle geen struktuur gehad nie. Uiteindelik het hulle besluit om die werk te struktureer deur 'n reeks parallelle tussen die verhaal van Jesus, soos dit in die Evangelies verskyn, en hulle eie verhaal te skep. In Ngema se woorde het hulle 'die Nuwe Testament in vandag omgesit'. Simon, as regisseur, het geweet wat om uit te laat en wat om by te voeg en hy was ook vaardig met woorde. Wole Sonyika het die finale produk beskryf as 'onteenseglik Arm/Gestroopte Teater, 'n weerspieëling van die kulturele werklikheid waaruit dit ontstaan het'.

Beide akteurs speel baie rolle. *Woza Albert!* maak grootliks staat op uitbeeldings, eerder as dialoog, om die verhaal te vertel. Die hoogs teatrale openingstoneel begin met 'n jazz-orkes wat deur die akteurs voorgestel word, wat dan in 'n wit polisieman en 'n swart musikant verander.

[Bron: Uittreksel uit *OBE FOR FET*]

2.1 Noem die teaterterm wat gebruik word om die *dramatiese struktuur* van *Woza Albert!* te beskryf. Verwys na reël 3. (1)

2.2 Noem die moontlike voordele van die dramatiese struktuur wat in VRAAG 2.1 geïdentifiseer is. (4)

2.3 Gebruik voorbeelde uit die toneelteks en motiveer waarom *Woza Albert!* as protesteater gedefinieer kan word. (6)

2.4 Bespreek waar en hoe Mbongeni Ngema en Percy Mtwa die materiaal gevind het om hulle toneelstuk, *Woza Albert!,* te skep wat op die vraag 'Wat sou jy doen as Jesus Christus vandag Suid-Afrika toe sou kom?' gegrond is. (6)

2.5 Noem 'n teaterpraktisyn wat die styl van Arm/Gestroopte Teater (reël 8) in *Woza Albert!* beïnvloed het. (1)

2.6 Motiveer waarom *Woza Albert!* as 'n voorbeeld van Arm/Gestroopte Teater (reël 8) beskou kan word. (6)

2.7 Beskryf die teatervaardighede en -tegnieke wat die akteurs kan gebruik om 'n 'jazz-orkes wat deur die akteurs voorgestel word, wat dan in 'n wit polisieman en 'n swart musikant verander' (reël 12–13) te skep. (6)

2.8 Bespreek hoe *Woza Albert!* 'n 'weerspieëling van die kulturele werklikheid' (reël 8) kan wees wat die skepping van die toneelstuk beïnvloed het.

Fokus op:

- Karakters
- Temas
- Sosiopolitieke konteks

(10)
**[40]**

**VRAAG 3: *SOPHIATOWN* DEUR THE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY**

Bestudeer BRON C hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON C**




**Johannesburg, 25 Maart 2016** – Die klassieke musiekspel ('musical'), *Sophiatown*, keer terug na die Markteater in Johannesburg. Dit is die eerste keer in 1986 as 'n 'lewende koerant' opgevoer en die ervare regisseur, Malcolm Purkey, een van die oorspronklike lede van The Junction Avenue Theatre Company, blaas weer lewe in die onvergeetlike produksie.

–eNCA News

3.1 Noem moontlike redes waarom *Sophiatown* as 'n klassieke musiekspel ('musical') beskou kan word. (4)

3.2 Verduidelik wat jy onder die term *lewende koerant* verstaan. (2)

3.3 Bespreek die waarde en funksie daarvan om *Sophiatown*, die toneelstuk, as 'n 'lewende koerant' te skep. (6)

3.4 Assesseer waarom dit belangrik kan wees om vandag weer lewe in *Sophiatown* op die verhoog te blaas. (6)

3.5 Jy is gevra om Malcolm Purkey met die regie en verhoogplasing van die slottoneel van die toneelstuk by te staan.

3.5.1 Hoe sou jy, as jong regisseur, daarby baat vind om Malcolm Purkey met hierdie nuwe produksie by te staan? (2)

3.5.2 Gebruik die verhoog wat in BRON C uitgebeeld is en bespreek hoe jy die slottoneel van die toneelstuk sal blok. (4)

3.5.3 As 'n regisseur, bespreek die vokale en fisiese vertolkingskeuses wat jy sal voorstel aan die akteurs wat Jakes en Mamariti speel om die impak van die slottoneel te versterk. (6)

3.6 Evalueer of die verhoogplasing en ontwerp van Malcolm Purkey se nuwe produksie, soos in BRON C uitgebeeld, effektief is.

Sluit die volgende by jou evaluering in:

- Stelontwerp
- Beligting
- Verhoogtipe

(10)
**[40]**

## VRAAG 4: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS

Bestudeer BRON D hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON D**

| | |
|---|---|
| TIEMIE: | Ma … Ma, ek is anders … as Ma. Tjokkie lieg, Ma. Ek's nie so nie. |
| MA: | Tiemietjie, Here tog, Tiemietjie … |
| TJOKKIE: | Ek maak net almal seer. |
| JAKES: | Moenie nou staan en mekaar opjazz oor hoe goed julle is nie. |
| MA: | Loop, Jakes. |
| JAKES: | Hoekom sal ek loop? |
| MA: | Loop! |
| JAKES: | Loop lat die klas girls mekaar kan staan en vertel hoe goed hulle eintlik is? Ek wil weet wie se laaitie is daardie. Ek laat nie weer 'n Sybil op my trek nie. |
| MA: | Loop! Ek sal die polisie roep. |
| JAKES: | Loop roep hulle. |
| MA: | Albertus, gaan sê vir Sarge. (*Albertus af.*) |
| JAKES: | Laat hom loop. Ons sien wie is eerste klaar met wie. Ek sal julle … julle is sleg, man. Julle is altwee slegter as hierdie tang. |
| TIEMIE: | Loop asseblief, Jakes. Wat soek jy hier? |
| JAKES: | Justice. |
| TIEMIE: | Justice! Was dit justice toe jy my sommer aspris in die moeilikheid wou bring? Jy't nog nooit 'n ding vir my oorgehad nie. |

'n Groot produksiemaatskappy gaan 'n kontemporêre (moderne) weergawe van *Siener in die Suburbs* verfilm. Jou agent het jou gevra om 'n oudisie vir die rol van ÓF Jakes ÓF Tiemie af te lê en jou aangeraai om die toneelstuk na te vors.

4.1 Volgens Tiemie, waaroor jok Tjokkie (reël 1)? (1)

4.2 Verduidelik wat Tiemie bedoel as sy sê dat sy anders as Ma (reël 1) is. (2)

4.3 Gee 'n moontlike rede waarom Tjokkie voel dat hy almal seergemaak het (reël 3). (2)

4.4 Die regisseur beweer dat *Siener in die Suburbs* as 'n realistiese toneelstuk geklassifiseer kan word omdat dit by die drie eenhede, tyd, plek en handeling/aksie, bly.

Met verwysing na die toneelstuk as 'n geheel, verduidelik of hierdie bewering akkuraat of onakkuraat is. (6)

4.5 Bespreek jou ontwerpidees oor hoe om sekere aspekte van die toneelstuk vir die nuwe filmweergawe te moderniseer. Fokus op die volgende:

4.5.1 Kostuum (verwys na enige EEN van die karakters) (4)

4.5.2 Stelinkleding/Plek/Omgewing (2)

4.5.3 Dekorstel en rekwisiete (4)

4.5.4 Klankeffekte (3)

4.6 Motiveer hoe jy die rol van ÓF Jakes ÓF Tiemie in die uittreksel in BRON D sal vertolk. Fokus op die vokale EN fisiese karakterisering van die karakter wat jy gekies het. (6)

4.7 Die regisseur het opgemerk: 'Die toneelstuk is voorwaar 'n pessimistiese stuk teater!'

Evalueer die regisseur se opmerking. Noem of jy met sy mening saamstem of nie. Verwys na die volgende in jou bespreking:

- Karakters se worsteling/stryd
- Temas
- Sosio-ekonomiese konteks

(10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**


**AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994 – KONTEMPORÊR**

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

**VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI**

Bestudeer BRON E hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON E**




[Bron: Internet]

**VERTALING:**

**DIE WAARHEID MAAK SEER MAAR STILSWYE MAAK DOOD**

**KOM ONS PRAAT MET MEKAAR. KOM ONS PRAAT DIE WAARHEID. KOM ONS VERTEL ONS STORIES VAN DIE VERLEDE, SODAT ONS SAAM OP DIE PAD NA VERSOENING KAN STAP.**

**waarheids-en-versoenings-kommissie**

**WAARHEID. DIE PAD NA VERSOENING.**

Jy is gevra om die regie van 'n nuwe produksie met die titel, *The Truth Hurts But Silence Kills*, te doen om 21 jaar na die WVK ('TRC') te herdenk. Jy beoog om die effektiwiteit van die WVK in die genesingsproses van ons land te vier. Jy besluit om 'n toneel uit *Nothing But The Truth* as deel van hierdie nuwe produksie op te voer.

5.1 BRON E is die eerste ruwe ontwerp van 'n plakkaat om die produksie te adverteer. Stel voor wat jy by die plakkaat kan voeg om die produksie doeltreffend te adverteer. (2)

5.2 Motiveer waarom die titel, *The Truth Hurts But Silence Kills*, moontlik vir jou nuwe produksie geskik sal wees. (2)

5.3 Noem hoe Sipho se 'stilswye' oor die waarheid hom seergemaak het. (4)

5.4 Beskryf kortliks 'n toneel in die toneelstuk, *Nothing But The Truth*, wat jy suksesvol by jou nuwe produksie kan insluit. (2)

5.5 Verduidelik hoe jy Stanislavski se stelsel/metode kan gebruik vir die regie van die akteurs in die toneel wat jy in VRAAG 5.4 gekies het. (6)

5.6 Verwys na die toneel wat jy gekies het en verduidelik TWEE vokale en fisiese vaardighede wat die akteurs kan toepas om 'n oortuigende vertolking te lewer. (4)

5.7 Kies en verduidelik EEN ander geskikte item (liedjie, monoloog, ens.) wat jy by jou produksie kan insluit wat die boodskap van versoening en vergifnis sal versterk. (4)

5.8 Motiveer jou keuse van 'n geskikte venue/plek vir jou nuwe produksie. (4)

5.9 Bespreek hoe *Nothing But The Truth* die WVK-versoeningsproses weerspieël deur 'ons stories van die verlede' te vertel 'sodat ons saam op die pad na versoening kan stap'.

Verwys na die volgende in jou bespreking:

- Intrige
- Karakters
- Temas

(12)
**[40]**

**VRAAG 6: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE**

Bestudeer BRON F en G hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON F**

Jy is die regisseur van 'n produksie van *Groundswell* wat gekies is om by die Nasionale Kunstefees in Grahamstad opgevoer te word. Die feesorganiseerders het inligting nodig wat hulle sal help om die regte venue/plek vir jou produksie te vind en ook om jou toneelstuk te adverteer.

Hulle stuur vir jou die vraelys hieronder om in te vul. Beantwoord die vrae in die vraelys in jou ANTWOORDEBOEK.

## VRAELYS

6.1 Motiveer jou keuse van genre vir die produksie van *Groundswell.* (2)

6.2 Som kortliks die intrige van die toneelstuk op. (3)

6.3 Stel voor watter vokale en fisiese opleiding jy van ELK van die akteurs aan wie jy 'n rol gaan toeken, verwag sodat hulle die rolle oortuigend kan vertolk. (6)

6.4 Beskryf die tipe verhoogruimte en dekorstel wat jy vir jou produksie benodig. (6)

6.5 Motiveer of daar 'n ouderdomsbeperking op jou produksie moet wees of nie. (2)

6.6 Gee TWEE redes waarom jy dink jou produksie van *Groundswell* daarby sou baat vind om by die Grahamstad-fees opgevoer te word. (4)

**EN**

**BRON G**

## *#Groundswell@Grahamstad*

*Groundswell* het in Grahamstad aangeland!! Die gekonkel, onwettige diamant-transaksies en spanning beloof dat hierdie toneelstuk die treffer van die Fees gaan wees. Dit bied iets vir almal!

6.7 Lewer kommentaar op die doeltreffendheid van die twiet in BRON G om jou toneelstuk suksesvol te bemark. (4)

6.8 Stel 'n geskikte borg vir die toneelstuk voor. (1)

6.9 Skryf regisseursaantekeninge vir jou teaterprogram waarin jy die bewering in BRON G bespreek: 'Die gekonkel, onwettige diamanttransaksies en spanning beloof dat hierdie toneelstuk die treffer van die Fees gaan wees. Dit bied iets vir almal!'

Neem die volgende in jou regisseursaantekeninge in ag:

- Sosiopolitieke relevansie
- Temas en kwessies
- Aksie/Handeling en dialoog

(12)
**[40]**

## VRAAG 7: *MIS* DEUR REZA DE WET

Bestudeer BRON H, I en J en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON H**

Jy is die regisseur van 'n produksie van *Mis* deur Reza de Wet by 'n nasionale kunstefees. Die feesorganiseerders het inligting oor jou toneelstuk nodig.

Hulle stuur vir jou die vraelys hieronder om in te vul. Beantwoord die vrae in die vraelys in jou ANTWOORDEBOEK.

# VRAELYS

7.1 Identifiseer en gee 'n voorbeeld van waar EEN van die volgende genres in die toneelstuk gevind kan word:

- Komedie
- Tragedie
- Tragikomedie (2)

7.2 Identifiseer EEN antagonis in die toneelstuk. (2)

7.3 Lewer kommentaar op die volgende stellings wat deur vorige gehore gemaak is:


7.3.1 'Die toneelstuk moet nooit vertaal word nie!' (2)

7.3.2 'Die toneelstuk is verouderd en irrelevant!' (2)

7.4 Noem moontlike redes waarom daar dikwels na die toneelstuk as 'magies' van aard verwys word. (4)

**EN**

**BRON I**

| VENUE A: OU HUIS | VENUE B: SIRKUSTENT |
|---|---|
|  |  |
| **VENUE C: KASTEEL** | **VENUE D: STONEHENGE** |
|  |  |

7.5 Kies EEN van die *terreinspesifieke venues/plekke in BRON I. Verduidelik waarom jou keuse 'n stimulerende opvoerruimte sal wees om jou kontemporêre produksie van *Mis* op te voer.

(*Terreinspesifieke venue/plek – 'n unieke, aangepaste venue/ruimte, buiten 'n teater, wat vir 'n opvoering gebruik kan word) (6)

7.6 Aan die hand van 'n voorbeeld uit die toneelteks gee redes waarom jou produksie 'n ouderdomsbeperking sal vereis of nie. (4)

7.7 Beskryf hoe jy die simboliek van donkerte en lig met die gebruik van klank en beligting in jou produksie sal kan skep. (6)

**EN**

**BRON J**

| ***#WhatisMissing@Festival*** |
|---|
| Plaaslike skool sal by 'n nasionale kunstefees optree nadat hulle 'n toonaangewende toekenning met hulle kontemporêre (moderne), vertaalde weergawe van Reza de Wet se *Mis* verower het. Dit is magies en wonderlik. Hierdie manjifieke toneelstuk is ryk aan simboliek, transformasie en vrymaking. Dit is heerlik Goties. Dit bied iets vir almal! |

7.8 Skryf regisseursaantekeninge vir jou teaterprogram waarin jy die volgende bewering in BRON J bespreek:

'Hierdie manjifieke toneelstuk is ryk aan simboliek, transformasie en vrymaking. Dit is heerlik Goties. Dit bied iets vir almal!'

Neem die volgende in aanmerking in jou regisseursaantekeninge:

- Karakters en situasie
- Temas en kwessies
- Intrige en aksie/handeling van die toneelstuk (12)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: DIE GESKIEDENIS VAN TEATER, PRAKTIESE BEGRIPPE, INHOUD EN VAARDIGHEDE

AFDELING D is VERPLIGTEND.

### VRAAG 8

Bestudeer BRON K hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### BRON K

**VISUELE BEELDE VAN DIE #FeesMustFall-VELDTOG**












In Dramatiese Kunste het jy geleer oor die vermoë van teater om die samelewing te verander. Jy is onlangs deur die visuele beelde van die #FeesMustFall-veldtog in BRON K hierbo geïnspireer. Jy en jou mede-graad 12-leerders het besluit om 'n werkswinkel oor 'n protestoneelstuk wat op die #FeesMustFall-veldtog gegrond is, te hou.

Jou eerste toneel bestaan uit leerders wat toi-toi en plakkate omhoog hou. Die slagspreuke op die plakkate toon bykomende kwessies/temas wat jy vir jou produksie kan kies.

8.1 Gee jou produksie 'n nuwe #hutsmerk('hashtag')-titel. (1)

8.2 Beskryf die volgende:

8.2.1 Die doel van jou produksie (2)

8.2.2 Die aantal kunstenaars/spelers (1)

8.2.3 Die teikengehoor (1)

8.2.4 Die opvoerruimte (2)

8.3 Beplan 'n repetisieskedule waarin jy die fases van die werkswinkelproses noem en verduidelik. (6)

8.4 Beskryf hoe akteurs die opvoerruimte kan gebruik om die toneelmatige uitwerking van jou openingstoneel te verhoog. (3)

8.5 Identifiseer die teaterelemente wat in 'n groep wat 'toi-toi en plakkate omhoog hou' gevind word. (4)

8.6 Assesseer die moontlike invloed van die openingstoneel waarin leerders toi-toi op 'n gehoor. (4)

8.7 Verduidelik hoe jy Grotowski se Arm/Gestroopte Teater-beginsels op jou produksie kan toepas. (6)

8.8 'In Dramatiese Kunste het jy geleer oor die vermoë van teater om die samelewing te verander.'

Bespreek die geldigheid (waarheid) van die bewering hierbo.

Gebruik jou kennis van dramatiese prosesse, beginsels en vaardighede en die invloed van die volgende in jou antwoord:

- Toneeltekste wat jy bestudeer het
- Opvoerings wat jy gesien het
- Jou eie produksie (10)

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**